

# VANTEX® 60 CS

SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L7227, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947

BOTSWANA Registration Number/Registrasie Nommer W130254

MALAWI Registration Number/Registrasie Nommer MW/PCB/2018/0937

NAMIBIA Registration Number/Registrasie Nommer N-AR2119

READ THE LABEL BEFORE USE  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP/GROEP	<b>3A</b>	INSECTICIDES	INSEKODERS
-------------	-----------	--------------	------------

A capsule suspension contact and stomach insecticide for agricultural use in crops as indicated.	'n Kapsule-suspensie kontak- en maag insekdoder vir landbou gebruik in gewasse soos aangedui.
--	---



#### HAZARD STATEMENTS:

May cause an allergic skin reaction.  
Harmful if inhaled.  
May cause damage to organs through prolonged or repeated exposure.  
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.



#### PRECAUTIONARY STATEMENTS:

##### Prevention:

Do not breathe mist or vapors.  
Avoid release to the environment.  
Wear protective gloves.

##### Response:

**IF INHALED:** Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing. Call a **POISON CENTER**/ doctor if you feel unwell.  
IF exposed or concerned: Get medical advice/ attention.  
Collect spillage.



## WARNING

#### Active ingredient

Gamma-cyhalothrin (pyrethroid) – 60 g/L

#### Aktiewe bestanddeel

Gamma-sihalotrin (piretroïed) – 60 g/L

Net Volume

250ml, 1L

Netto Volume

#### REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd  
Company Registration Number: 1988/001451/07  
West End Office Park  
Building C, Cnr West Ave & Hall Street  
Centurion, 0014  
Telephone number: +27 (76) 875 4432  
[www.ag.fmc.com/za/en](http://www.ag.fmc.com/za/en)

Batch Number  
Date of Manufacture  
Expiry Date

Printed on Container  
Printed on Container  
2 Years from manufacture

Lot Nommer  
Datum van Vervaardiging  
Vervaldatum

UN Number/VN Nommer

3082

For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information Centre (24 hrs) Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging Inligtingsentrum (24 hr)	+27-(0)-82-446-8946
--	---------------------

## WAARSKUWINGS:

### GEVAARSTELLINGS:

- Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak.
- Skadelik indien ingeasem.
- Mag skade aan organe veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling.
- Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

**Onthoudingsperiodes:** Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of voer/beweiding:

Makadamias .....	14 dae
Druwe, sorghum, koring, en sojabone .....	28 dae
Appels, pere, tafelperskes, pruime, appelkose en nektariens .....	14 dae
Ertjies, aartappels, uie en inmaakperskes .....	3 dae
Tamaties, koolgewasse en lupiene (beweiding) .....	2 dae
Groenbone .....	1 dag
Lusern (beweiding) .....	8 dae
Droëbone, mielies en suikermielies .....	7 dae
Koring, sojabone, katoen, sorghum, mielies (beweiding).....	28 dae

\* **Waarskuwing teen bestandheid** : Weerstand van Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*) teen sintetiese piretroïedes is bevestig.

**KATOEN:** Sintetiese piretroïedes MOET SLEGS gedurende die periode 1 Januarie tot 28 Februarie op katoen toegedien word.

**ALLE ANDER GEWASSE:** Moet nie meer as twee toedienings per groeiseisoen toedien nie. As 'n piretroïedbespuiting swak beheer gee MOET NIE met enige sintetiese piretroïed, selfs teen 'n korrektiewe dosis, herspuit nie. Gebruik 'n produk uit 'n ander chemiegroep.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk, ingeasem of deur die vel geabsorbeer word.
- Irriterend vir oë en vel en veroorsaak sensitisering deur velkontak.
- Giftig vir visse, ander waterorganismes, bye en natuurluwe.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Stoor in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
- In geval van snywurmbeheer, moet nie op droë grond toedien nie.

### **Herbetredingsperiode:**

Moenie 'n behandelde gebied betree alvorens bespuiting droog is of tensy beskermende klere gedra word nie.

**Lugtoediening:** Verwittig al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor aangrensende gebiede of oor water spuit of die spuitnewel daarheen laat wegdryf nie.

### **VRYWARING:**

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens

of dier of vir gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die verbruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.

#### VOORSORGMATREËLS:

##### VOORSORGSTELLINGS:

###### **Voorkoming:**

- Moenie mis of dampe inasem nie.
- Vermy vrylating na die omgewing.
- Dra beskermende handskoene.

###### **Reaksie:**

- **INDIEN INGE-ASEM:** Verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik om asem te haal. Bel 'n **GIFSENTRUM**/dokter as jy onwel voel.
- **INDIEN** blootgestel of bekommerd: Kry mediese advies/ aandag.
- Versamel gemorste produk.

#### GEVAARLIKE BESTANDELE:

##### GAMMA-CYHALOTHRIN

##### 1,2-benzisothiazol-3(2H)-een

- Dra 'n gesigskerm en rubberhandskoene wanneer die konsentraat hanteer word.
- Vermy inaseming en kontak met oë.
- Vermy velkontak.
- Na toevallige velkontak **MOET NIE** begin deur met water af te spoel nie. Vee eers op met 'n droë lappie of talkpoeier en was daarna met seep en water en volg op met vetterige olie of room.
- Was oorpakke daaglik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom die wegdryf van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiveld, riviere of damme, besoedel nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer oor die spuittenk of mengbak om en dreineer vir minstens 30 sekondes na die vloeï tot 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate in te slaan en plat te trap en begrawe weg van waterbronne. Moenie vir enige ander doel hergebruik nie.
- Was na hantering.

#### Weerstandswaarskuwing:

**VANTEX® 60 CS** is 'n groepkode 3A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **VANTEX® 60 CS** of enige ander groepkode 3A insekdoders het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **VANTEX® 60 CS** of enige ander groepkode 3A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenklangsels van produkte in verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS:    Gebruik slegs soos aangedui**

### **Menginstruksies:**

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Meet die verlangde hoeveelheid **VANTEX® 60 CS** af en meng vooraf met 10 ℓ water en voeg dit by die water in die spuittenk terwyl geroer word. Hou aan met roer terwyl die spuittenk volgemaak word asook tydens bespuiting.

### **Verenigbaarheid:**

Nie verenigbaar met seewier ekstrakte nie.

### **Grondtoediening:**

Dit is noodsaaklik om holkeël spuitpunte te gebruik wat 'n gemiddelde tot fyn druppelgrootte met konvensionele hoë volume spuitapparaat lewer. Kalibreer die spuitapparaat voor gebruik en verseker korrekte toediening. 'n Eweredige verspreiding van die spuitmengsel oor die hele teikengebied is noodsaaklik. Om die verlangde bedekking vir elke spesifieke toedieningsmetode te verseker, moet alle toedienings met geskikte toerusting wat in goeie werkende toestand en reg gekalibreer is, gemaak word.

### **LUGTOEDIENING:**

**VANTEX® 60 CS** kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 30 tot 40 druppels per cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.

Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Aangemaakte spuitoplossing moenie onnodig oorsaak nie, veral nie oornag nie. Die byvoeging van molasse het 'n versuringseffek en verminder verdamping van spuitnewel. Vir grondtoediening, voeg 10% molasse by per volume en 20% vir lugtoediening.

Die doeltreffendheid van **VANTEX® 60 CS** mag deur 'n hoë pH waarde van die spuitmengsel verlaag word. **VANTEX® 60 CS** is meer stabiel by 'n pH van ongeveer 4. Indien 'n versuringsmiddel gebruik word om die pH te verlaag, moet dit eers met die water gemeng word voordat **VANTEX® 60 CS** bygevoeg word.

**TOEDIENINGHOEVEELHEDE:**

GEWAS EN PLAAG	mℓ / 100 ℓ WATER	Dosis / ha of soos aangedui	OPMERKINGS
<p><b>TAMATIES</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>en Valslandmeter (<i>Chrysodexis acuta</i>)</p>	3,5		<p><b>Grondtoediening:</b> Dien toe as 'n volle dekbespuiting sodra 'n infestasië opgemerk word. Herhaal met 7 - 10 dae tussenposes of soos aangedui met inspeksie van gewas. Dien 500 - 1000 ℓ / ha toe. Gebruik die laer volume vir plante kleiner as 1m en hoër volume vir plante groter as 1m. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.</p>
<p><b>AARTAPPELS</b></p> <p>Aartappelmotlarwes (<i>Phthorimaea operculella</i>),</p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>		<p>50 mℓ</p> <p>55 mℓ</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> Dien toe in 250 - 500 ℓ water / ha afhangende van plantgrootte. Begin toediening wanneer plante een maand oud is of vroeër indien infestasië voorkom. Herhaal bespuitings elke 10 - 14 dae en erd ten minste 2 maal gedurende die seisoen op.</p> <p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in ten minste 30 ℓ water / ha. Begin bespuitings wanneer plante een maand oud is of vroeër indien infestasië voorkom. Herhaal bespuitings elke 10 - 14 dae en erd ten minste 2 maal gedurende die seisoen op. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.</p>
<p><b>APPELS EN PERE</b></p> <p>Gebande vrugtekalande (Snuitekwer) (<i>Phlectinus callosus</i>)</p> <p>Kodlingmot (<i>Cydia pomonella</i>)</p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>8,5</p> <p>4,5</p> <p>4,5</p>	<p>208 - 292 mℓ</p> <p>104 - 142 mℓ</p> <p>104 - 142 mℓ</p>	<p><b>Hoë Volume:</b> Dien tussen 2 500 - 3 500ℓ spuitmengsel / ha toe. Dien twee bespuitings toe: Die eerste teen 75 % blomblaarval en weer 4 weke later. 'n Derde bespuiting mag raadsaam wees teen middel Januarie om laatseisoen skade te voorkom. Sal ook Rooispinmyt onderdruk en selfs lae populasies beheer.</p> <p><b>Hoë Volume:</b> Eerste bespuiting teen 75% blomblaarval. Herhaal elke 14 - 18 dae.</p> <p>Dien toe sodra 'n infestasië opgemerk word. Herhaal indien nodig. Die bespuitings vir kodlingmot en vrugtekalande sal normaalweg hierdie plaag onder beheer hou. Sien "Waarskuwings" - Waarskuwing teen bestandheid.</p>

<b>WINGERD</b>  Kalanders (Snuitkewers) ( <i>Phlyctinus callosus</i> , <i>Eremnus setulosus</i> , <i>Eremnus cerealis</i> )	8	83 mℓ	<b>Blaartoediening:</b> <b>Hoë Volume:</b> 1000 ℓ spuitmengsel / ha. Volle dekbespuiting van alle dele van die wingerdstok. Begin toediening sodra die eerste teken van kalanders of vreetskade opgemerk word. Herhaal binne 21 - 28 dae indien nodig. Die eerste voorkoms van kalanders wissel na gelang van die gebied, maar kom gewoonlik tussen middel Oktober tot middel November voor.
	8	83 mℓ	<b>Stambehandeling:</b> Dien toe as 'n voorkomende stambehandeling sodra kalanders op die stam opgemerk word. Verkenning vir kalanders begin vanaf begin Oktober en moet vir die volle groeiseisoen volgehou word.
<b>WINGERD (verv.)</b>  Kalanders (Snuitkewers) ( <i>Phlyctinus callosus</i> )			'n Spuitvolume van 1000 ℓ / ha (± 0,5 ℓ / plant) moet gebruik word. Dien toe tot 1 m hoogte. In die geval van laaggroeiende wingerde, spuit tot by eerste sytakke. Stamme moet deeglik benat word, laat oortollige spuitmengsel toe om af te loop tot op die grond rondom die stam. Indien nodig, herhaal bespuiting 3 - 4 weke later. Waar 'n digte blaardak reeds gevorm het wat skuiling bied aan die kalanders, en daardeur verhoed dat hulle deur die dag terug migreer na die stam, volg dan die blaartoediening soos hierbo beskryf. Stel egter eers vas of daar wel 'n infestasië in die blare is.

<p><b>PERSKES insluitend NEKTARIENS, PRUIME, , TAFELPERSKES, INMAAKPERSKES EN APPELKOSE</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Gebande vrugtekalander (Snuitkewer) (<i>Phlyctinus callosus</i>)</p>	<p>4,5</p> <p>8</p>	<p>104 - 142 ml</p> <p>208 - 292 ml</p>	<p>Volle korrektiewe dekbespuiting by 75% blomblaarval of sodra die plaag opgemerk word. Sien "Waarskuwings" - Waarskuwing teen bestandheid.</p> <p>Bespuit sodra vreeskade opgemerk word. Herhaal 2 - 4 weke later indien nodig. Hierdie behandeling sal ook Rooispinmyt onderdruk of selfs lae populasies beheer.</p>
<p><b>GRONDBONE, DROËBONE EN GROENBONE</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>		<p>42 ml</p> <p>42 ml</p>	<p>Begin spuit sodra eiers of ruspes op die plant waargeneem word. Herhaal elke 14 dae of soos nodig na inspeksie van die gewas.</p> <p><b>Grondtoediening:</b> Dien in 250 - 500 ℓ water / ha toe afhangende van plantgrootte. Lande moet elke 7 dae vanaf blomvorming verken word. Begin bespuiting sodra infestasië opgemerk word. Larwes moet kleiner as 1 cm wees vir beste beheer wanneer bespuit word. Verken lande elke 7 dae of 3 dae in geval van reën, en herhaal bespuiting indien nodig.</p> <p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in 30 ℓ water / ha. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.</p>
<p><b>SOJABONE</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>		<p>50 ml</p> <p>50 ml</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> Dien toe sodra infestasië opgemerk word. Herhaal indien nodig. Verseker deeglike benatting van plante en dien toe in 200 - 300 ℓ water / ha.</p> <p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in 30 ℓ water / ha. Dien toe sodra infestasië opgemerk word en herhaal indien nodig. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.</p>
<p><b>LUPIENE</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>		<p>46 - 50 ml</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> Begin toediening wanneer die larwetelling 1 - 2 larwes / m<sup>2</sup> bereik en voor die larwes die peule binnedring. Gebruik die laer dosis op jong plante en die hoër dosis op welgroeïende plante. Dien toe in ten minste 300 ℓ water / ha.</p>

		50 ml	Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water / ha. Dien toe soos bo verduidelik. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.
<b>ERTJIES ingesluit SUIKERERTJIES</b>  Afrika bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )		42 ml  50 ml	<b>Grondtoediening:</b> Moenie in minder as 200ℓ water / ha toedien nie. Dien toe tydens blom van ertjies wanneer Afrika bolwurm 'n infestasielvlak van 2 bolwurms / 20 plante bereik. Met her-infestasië mag opvolg behandeling nodig wees.  <b>Sentrale spilpuntoediening:</b> Begin toedienings wanneer die infestasië van bolwurm eiers op 'n vlak van 6 eiers / 24 plante of wanneer die larwetelling 2 larwes / 24 plante bereik. 'n Korrek gekalibreerde inspuittoestel aan die spilpuntlyn moet gebruik word. Die spilpuntspoed moet 100% wees. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.
<b>LUSERN</b>  Lusernruspe ( <i>Colias electo</i> )		33 - 42 ml	<b>Grondtoediening:</b> Volle dekbespuiting in 250 - 500 ℓ water / ha afhangende van plantgrootte. Verseker goeie bedekking. Gebruik laer dosis indien lusern nie dig staan nie. Vir optimum beheer moet larwes kleiner as 1cm wees wanneer bespuit word. 'n Opvolg toediening gebaseer op verkenning mag nodig wees.
<b>KOOLGEWASSE</b>  Afrika bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )  en Ruspe van die Ruitrugmot ( <i>Plutella xylostella</i> )	3,5		Verseker goeie benatting deur 'n benattings middel by te voeg. Begin toediening by eerste tekens van die plaag en herhaal elke 10 - 14 dae. Dien toe in 500 - 1000 ℓ spuitmengsel / ha. Sien "Waarskuwing" - waarskuwing teen bestandheid.
<b>LUSERN, MIELIES EN SUIKERMIELIES</b>  Afrika bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )		42 ml	<b>Grondtoediening:</b> Die toe in 250 - 500 ℓ water / ha afhangende van plantgrootte. Vanaf blomvorming moet lande elke 7 dae verken word. Wanneer infestasië opgemerk word, moet toediening begin. Vir optimum beheer moet larwes kleiner as 1 cm wees wanneer bespuit word. Verken lande elke 3 dae na reënval, herhaal bespuiting indien nodig. Sien "Waarskuwing" - waarskuwing teen bestandheid.





<p><b>SORGHUM (vervolg)</b></p> <p>Mieliestronkboorder (<i>Busseola fusca</i>)</p>		<p>0,4 ml / 100 m ry</p> <p>42 ml</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> Dien binne-in die kelk in toe wanneer 5 % van plante haelskade simptome toon, maar voordat die larwes die stam binnedring. Dien in 3 ℓ water / 100 m toe en rig bespuiting binne-in kelk in. Sal ook <i>Chilo partellus</i> beheer met toediening, indien teenwoordig.</p> <p>Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water / ha.</p>
<p><b>ALLE GEWASSE</b></p> <p>Snywurm (<i>Agrotis spp.</i>)</p>		<p>0,1 ml / 100 m ry 30 ml</p> <p>30 ml</p> <p>0,1 ml / 100 m ry 30 ml</p> <p>30 ml</p>	<p>Spuit SLEGS indien die grond se boonste 3cm klam is. Na opkoms of voor-opkoms. Grond moet goed voorberei, vry van kluite en oortollige plantreste wees. Waar hoë snywurm populasies verwag word (minimum bewerkingspraktyke) moet infestasiemonitoring gemonitor word en opvolgbespuitings gedoen word.</p> <p><b><u>Voorkomende bespuiting (Voor-opkoms)</u></b></p> <p><b>Grondtoediening:</b></p> <p><b>Rybehandeling:</b> Dien toe in ten minste 3 ℓ water / 100 m in 'n 30 cm wye band oor die ry.</p> <p><b>Algehele toediening:</b> Dien toe in 300 ℓ water / ha.</p> <p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in 30 ℓ water / ha.</p> <p><b><u>Korrektiewe bespuiting (na-opkoms)</u></b></p> <p><b>Grondtoediening:</b></p> <p><b>Rybehandeling:</b> Dien toe in ten minste 3 ℓ water/100 m in 'n 30 cm wye band oor die ry</p> <p><b>Algehele toediening:</b> Dien toe in 300 ℓ water / ha.</p> <p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in 30 ℓ water / ha.</p>

GEWAS EN PLAAG	ml / 100 ℓ WATER	Dosis / ha of soos aangedui	OPMERKINGS
<p><b>MAKADAMIAS</b></p> <p>Stinkbesie (<i>Nezara viridula</i>)</p>	<p>4,2</p>		<p>Dien toe as 'n hoëvolume volle dekbespuiting. Tyd van toediening word op stinkbesiegetalle gebaseer wat volgens die boomskudmetode bepaal word. Begin stinkbesiegetalle twee weke na blom monitor. Dien 'n bespuiting toe sodra 'n gemiddeld van 1,8 stinkbesies / boom (18 per 10 bome) getel word. Tot 6 toedienings per seisoen teen intervalle van 4 weke mag nodig wees.</p>

<p><b>KATOEN</b></p> <p>Alle soorte bolwurms Afrika (<i>Helicoverpa armigera</i>), Rooi- (<i>Diparopsis castanea</i>) en stekelbolwurm (<i>Earias spp.</i>) asook Vlekbesie (<i>Dysdercus spp.</i>)</p>	<p>Plante kleiner as 60 cm 25 mℓ</p> <p>Plante groter as 60 cm 50 mℓ</p> <p>Plante kleiner as 60 cm 0,3 mℓ / 100 m ry</p> <p>Plante groter as 60 cm 0,6 mℓ / 100 m ry</p>	<p><b>Grondtoediening:</b> Met spuitbalk en spuitpunte. Maak seker dat die plante deeglik benat word. Vir plante kleiner as 60 cm, dien in 100 ℓ water / ha toe. Vir groter plante vermeerder die hoeveelheid water geleidelik tot 200 ℓ / ha vir volwasse plante. Moenie minder as 50 mℓ <b>VANTEX® 60 CS</b> / ha op volwasse plante toedien nie.</p> <p><b>Treinspoorbehandeling:</b> Katoen kleiner as 60 cm - dien in 50 ℓ water / ha toe.</p> <p>Katoen groter as 60 cm - dien in 100 ℓ water / ha toe. (sien "Treinspore" hieronder.)</p>
	<p>28 - 56 mℓ</p>	<p><b>Lugtoediening:</b> Dien toe in 30 ℓ water / ha. Gebruik laer dosis vir plante kleiner as 60 cm en die hoër dosis vir plante groter as 60 cm.</p> <p><b>Treinspore:</b> Dosis aanbeveling is per enkelry (dus 1 treinspoor = 2 rye). Gebruik ten minste 5 geskikte holkeëlsputpunte. Die spuitpunte moet so monteer word dat een spuitpunt direk bo-oor elke ry spuit, een in die middel van die twee rye en een aan die buitekant van elkeen van die twee rye. Vir optimum bedekking moet die twee buitenste spuitpunte op valarms gemonteer word teen 'n opwaartse hoek van 45 °. 1 m ry spasiëring = 10 000 lopende m / ha.</p> <p>Sien : <u>Waarskuwings teen bestandheid</u> onder 'WAARSKUWINGS' bo.</p> <p>Om te voldoen aan die vereistes van plaagbestuur en geïntegreerde beheermetodes, word <b>VANTEX® 60 CS</b> aanbeveel om gedurende die hoofblomperiode tot bolbarstyd toegedien te word, dit wil sê van 10 - 22 weke na opkom van saailinge. <b>VANTEX® 60 CS</b> word hoofsaaklik aanbeveel as voorkomende bespuiting teen alle soorte bolwurmruspes gebaseer op weeklikse inspeksie of 'n gereelde spuitprogram met 7 dae tussenposes. Gewoonlik sal 'n spuitprogram teen bolwurms begin met begin van blomstadium, dit wil sê ongeveer 6 weke na opkom. Van dan af tot hoofblomperiode moet geregistreerde nie-piretoïedmiddels gebruik word. (Katoenplante ouer as 12 weke na opkom word as volwasse beskou.)</p>

<p><b>KATOEN (vervolg)</b></p> <p>Alle soorte bolwurms          Afrika (<i>Helicoverpa armigera</i>),          Rooi- (<i>Diparopsis castanea</i>) en          stekelbolwurm (<i>Earias spp.</i>) asook Vlekbesie (<i>Dysdercus spp.</i>)</p>		<p>28 - 56 ml</p>	<p><b>VANTEX® 60 CS</b> moet toegedien word soos verkenning van lande die nodigheid van toediening aandui. Lande moet elke 7 dae verken word.</p> <p>Indien daar gedurende 'n landinspeksie meer as 5 Afrika of twee rooi- of twee stekelbolwurms op 24 plante per 15 ha gevind word, moet 'n bespuiting toegedien word. Aandag moet gegee word aan die bedekking en indringing wat tydens bespuiting verkry word, aangesien dit die sukses van bespuiting bepaal. Larwes wat reeds die bolle binnegedring het, mag nie suksesvol beheer word nie.</p> <p>Laat 4 dae toe om die optimum effek van die bespuiting te verkry. Doen weer 'n landinspeksie en herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Inspeksie behoort weekliks vanaf blom tot bolbars uitgevoer te word. Vlekbesies sal ook beheer word deur gereelde toedienings vir die beheer van bolwurm.</p>
<p><b>KORING</b></p> <p>Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>		<p>42 ml</p>	<p>Dien 'n volle dekbespuiting toe sodra plaag verskyn en verseker goeie benatting van are. Herhaal 10 - 14 dae later afhangende van infestasiel vlakke.</p> <p>Grond- en lugtoediening moet onderskeidelik in 250 - 500 l en 30 l water / ha toegedien word. Sien "Waarskuwings" - waarskuwing teen bestandheid.</p>